# Wat Is Die Aantrekking Op Die Berg?

Jeffersonville, Indiana USA

25 Julie 1965 (Aand)

1 Glo net, glo net,
Alle dinge is moontlik, glo net.

Laat ons nou ons hoofde buig.

Vader God, dis ons opregte gebed vanaand, ten aanskoue van alles wat U doen vir die mense in hierdie dag. En ons vra U, Here, mag ons net glo, net glo Dis die Waarheid, die geskrewe Woord gemanifesteer aan ons. Skenk hierdie dinge, Vader.

Nou vanaand wil ons U dank vir die Lig wat U op die Skrifte gewerp het vir ons vanmôre. En ons bid vanaand, Here, in daardie gebedslyn, dat U U Woord sal bevestig dat dit die Waarheid is.

Ons bid vir al die kerke en die gemeentes wat vergader is rondom die mikrofoontjies dwarsdeur, van die nasie, al die pad na die Weskus, bo in die berge van Arizona, af in die vlaktes van Texas, ver na die Ooskus, oral oor die land, Here, waar hulle bymekaar gekom het. Baie ure uitmekaar, is ons in tyd, maar, Here, ons is vanaand bymekaar as een eenheid, gelowiges, in afwagting vir die Koms van die Messias. Ons bid, Hemelse Vader, dat U Hom spoedig sal stuur vir U Kerk. Want ons vra dit in Sy Naam. Amen.

2 Julle mag maar sit. Christen groete aan almal wat hier is vanaand. Ek is jammer ons is steeds so vol gepak en ingedruk sodat ons skaars kan asemhaal. Selfs die lugversorgers, so goed soos dit lugversorgd is, het nie veel effek nie, so baie mense. As daar skaars net 'n normale kerk vol mense was, sou daardie lugversorgers julle laat vries. Maar nou het almal 'n waaier, aan die waai, en die lugversorger blaas so hard as wat dit kan.

Ons stuur groete vanaf die Ooskus na die Weste, na al ons vriende in Christus, wat inluister. Ons stuur groete oor na San Jose, Broer Borders, die groep daarbo. Ons stuur groete bo in die berge, Prescott, Arizona, na Broer Leo Mercier en sy groep wat daarbo is in afwagting vir die Koms van die Here. Ons stuur groete na hulle in Tucson, wat vanaand bymekaar gekom het, in afwagting vir die Koms van die Here. Onder in Houston, Texas, aan hulle wat wag vir die Koms van die Here. Bo in Chicago, aan hulle wat wag vir die Koms van die Here. Bo aan die Ooskus, New York en Connecticut, en die groot groepe daarbo, wat wag vir die Koms van die Here. Ons het nie plek om hulle te laat sit nie, so ons moet net vir hulle die Woord stuur deur die middel van die telefoon. Ons stuur groete aan Broer Junior Jackson vanaand, en sy groep onder in Clarksville. Broer Ruddell, daar bo op twee-en-sestig, en sy groep, in afwagting vir die Koms van die Here. En ons is vanaand hier vergader by die tuiskerk, die tabernakel, in afwagting vir die Koms van die Here.

3 En nou, baie van julle was miskien nie by die dienste vanmôre nie. Maar ek vertrou dat elkeen, wat nie was nie, daardie band sal kry, want ek glo dat dit was die mees direkte Boodskap aan die kerk sedert die Boodskap van *Menere, Watter Tyd Is Dit?* Ek het die salwing van die Gees gevoel, gelei gevoel om te sê wat ek gedoen het. Dit was lank, maar tog het ek gelei gevoel om dit te doen. En ek dink die Here, deur Sy Woord, het gewys watter uur ons in lewe. En maak seker dat julle hierdie verborgenhede wat gebeur verstaan. Julle weet, die Bybel het gesê, "Die wyse sal verstaan."

Maar die volke en die mense sal "swakker en wyser word." Dink net, die gemiddelde Amerikaner is nou in die middeljare, omtrent twintig jaar oud, swakker maar wyser. Hulle het nie in daardie dae straalvliegtuie, en atoomplofkoppe gehad nie, maar hulle het baie langer gelewe. Ons word swakker en wyser, en ons eie wysheid is wat ons gaan vernietig. Ons sal onsself vernietig. God sal ons nie vernietig nie; ons wysheid sal ons vernietig. Dit was altyd so, en dit sal weer so wees.

4 Nou, as die Here wil, volgende Sondagoggend, onbekend nou waaroor ek gaan praat, maar ek vertrou dat die Here, as Hy ons laat lewe en niks gebeur nie, en dit Sy wil is, beoog ons om 'n ander Boodskap te preek volgende Sondagoggend, gebed hê vir die siekes volgende Sondagaand. Dan is dit my lot om terug te keer huis toe na Arizona, om die familie terug te neem sodat die kinders kan geregistreer word in die skool. Dan sal julle.... Ons sal julle laat weet, net soos ons kan, van die dienste soos hulle vorder, of die tye wat ons ... plekke waar ons beoog om te wees. So, God seën julle almal.

Nou vanaand, in die wete dat dit.... Ek's vyftien minute laat, om mee te begin, kwart voor agt hier in Jeffersonville; en dis omtrent kwart voor nege aan die Ooskus, en dan is dit omtrent vyfuur in die Weskus. So ons is nou net omtrent sononder hier. En ek wil met julle praat net 'n kort diens, om die salwing van die Gees te probeer vind, en dan die gebedsry roep.

5 En ek wil hê die gemeente hier, sowel as die gemeente vergader by ander plekke, 'n man vind, 'n broer wat gesalf is met die Gees; en wanneer ons begin bid vir die siekes, hande gaan lê op hulle wat in julle gemeente is. Onthou, God is alomteenwoordig; Hy is oral. So, onder in Texas, oorkant in Kalifornië, bo in Arizona, waar julle ook al is, lê hande op diegene wat siek is wanneer ons begin bid vir die siekes. En ek is seker God sal hoor en gebed beantwoord.

Vreemde ding, verlede Sondagaand, en die salwing het voortgegaan, en die Heilige Gees.... Dit was nogal 'n ding. Ek het nie 'n lyn van onderskeiding vir maande en maande gehad, vandat ek laas hier was nie. En dan om daar op te loop onder die belofte ... Jy weet nie dat Hy dit sal doen nie. Jy kan nie sê Hy sal dit doen nie. Jy moet net daar oploop en wag. Hy is soewerein. Hy doen wat Hy wil. Maar staan daar en wag om te sien wat Hy sal doen, dan voel hoe Dit deur breek op jou.

6 En aan die einde van die diens, onbekend wie dit was, maar daar was 'n man iewers in die ry wat lank was, en 'n bleskop en hy was 'n baie siek persoon.

En toe reg aan die einde, het daar 'n man hier op die platvorm verskyn, en sy hoof was gebuig, en gelyk asof hy ly, en sy maag vasgehou. En ek het gedink dit moet daardie eerste man of tweede man wees, of wanneer dit ook al was toe ek vir hom gebid het, want hy was bles, en sy hoof was gebuig; 'n groot man, vooroor gebuig. Maar ek het rondgekyk en ek het die man gevind wat daar sit, maar hy het gejuig. Ek het gedink, "Waar is dit?" Ek kon nie besluit waar dit was nie. Ek kon dit voel en die man voor my sien.

Ek het gevoel dit trek hierdie kant toe om, en dit het van agteraf gekom. Ek het gekyk na Broer Neville en hierdie twee wat hier sit, dit was nie hulle nie. Ek het gesê, "Die man is aan die binnekant van daardie doopbad daaragter." En weet julle wie dit was? Broer Shepherd. Die rede waarom ek hom nie kon herken nie, hy het daaragter gesit biddend, met sy hoof gebuig.

Hy het gedink hy sou sterf, het dit gedink vir die laaste paar weke. Sy vrou het vir hom gesê gaan koop 'n nuwe paar skoene, en hy het gesê, "Ek sal hulle nie nodig hê nie. Ek sal nie so lank hier wees nie."

7 En hy het my nou die dag ontmoet in die ... daar op die werf, Broer Wood, aan die skree en God geprys. Het gesê, "Ek eet spek, eiers, tamaties, enigiets wat ek wil hê."

En nederig sy sitplek opgegee, daaragter ingegaan uit die pad uit, en gebid. Sien, jy het nie 'n gebedskaart nodig nie, jy het net geloof nodig. Sien?

Nou, ek het nie geweet of hy genees is of nie, ek het net gesê, "'n man, wat bid, iets is verkeerd." Ek dink Dit het genoem wat dit was, "Maagprobleem, en hieragter gebid. Die Here Jesus maak jou gesond." Nou, dis al wat ek kon sê. Die trek was dat hy gebid het. Ek kon dit sien, behalwe wat gebeur het, dit het ek nie geweet nie. Sien?

Maar wanneer jy Dit hoor terugkom, is almal bewus, wanneer Dit sê, "SO SPREEK DIE HERE," sien, dis dan nie meer ek wat praat nie; dis Hy.

8 Maar ek sê altyd, "Jesus Christus het jou gesond gemaak," dis presies die Waarheid. "Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Sien? Sien?

Maar wanneer Dit kom, "SO SPREEK DIE HERE," en jou sê wat om te doen en wat gaan gebeur, hou dit dop, dit sal so wees.

Maar wanneer ek sê, "Jesus Christus genees jou en maak jou gesond," jy glo dit, want Hy het dit alreeds gesê. Ek herhaal net wat Hy gesê het.

En 'n visioen is net die herhaling van wat Hy gewys het. Verstaan julle?

9 Nou mag ons opskud en reg in die Woord ingaan, want ek weet baie van julle is hier, het lang myle om vanaand te reis. Ek bid dat God julle sal seën, julle sal help en julle sal beskerm op die paaie. En nou wil ek vanaand blaai na Matthéüs, die 21ste hoofstuk, en verse 1 tot 11, in Matthéüs. En, nou, as julle nie julle Bybel het nie, of as julle hierdie Skrifte wil neerskryf, goed.

10 En nou aan julle wat nooit die Boodskap vanmôre gehoor het nie, en jy het 'n bandopnemer; ons werf nooit bandverkope nie. Ons werf nooit om enigiets te verkoop nie. Partymaal in 'n groot diens sal hulle aankondig hulle het 'n paar boeke daaragter; ons maak niks uit hulle nie. Broer Vayle is die skrywer. Die bande, die man wat die bandbesigheid bedryf daar sal julle sê, ons maak geen geld op die bande nie. Ons wil nie.... Dit Is nie "die bande" nie; dis die Boodskap. En wanneer 'n man in sy gedagte kry dat dit geld is, gaan hy nie meer bande maak nie. Dis reg. Ek het daaroor gevra, ek dink ons bande verkoop, omtrent onder vyf dollar, of iets, drie tot vyf, of iets soos daardie. Sê wat? Drie en vier, vir daardie groot, lang bande.

En 'n sekere prediker, ek het gevra oor een van sy bande, en dit was nege dollar, omtrent twintig of dertig minute, van 'n boodskap.

11 So ek sien dat ons Broer Sothmann daaragter nie ryk word nie, nie een van hulle nie, op hierdie bande wat hulle uitsit nie. Sien, hulle maak net genoeg om oor die weg te kom. Kan hulle nie vra om dit verniet te maak nie, want hulle moet die bande en alles koop. En die masjienerie is baie duur, om mee te

begin, kos dit omtrent tienduisend dollar om opgestel te word om daardie bande te maak.

Nou, ek verstaan dat ek gou ... het dit al aangekondig. Maar daar's weer 'n band vergadering. Elke dan en wan ... die trustees, ek het hoegenaamd niks daarmee te doen nie. Ek is nie eens ... nooit by enige van die vergaderings nie. Dis nie vir of teen nie. Hulle gee hulle bod in; die trustees besluit wie is die volgende man om die bande te maak, en hulle stuur vir hom 'n brief. Dis al wat ek daarvan weet. Hulle sorg daarvoor, want ek kan nie eens babas toewy nie, wat nog sorg van bande, of doop.

12 So ek het my gedagtes gerig op hierdie Boodskap, dis daardie Derde Trek, en dis die een waaraan ek getrou en eerbiedig moet wees.

Matthéüs 21:1 tot 11. Ek het dit gesê sodat jy kan oplet vir die ... of na die skrifte kan blaai.

*En toe hulle naby Jerusalem gekom en Betfage aan die Olyfberg bereik het, stuur Jesus twee dissipels uit,*

*En sê vir hulle: Gaan na daardie dorp reg voor julle, en dadelik sal julle 'n eselin vind wat vas gemaak is, en 'n vul by haar. Maak haar los en bring hulle vir my.*

*En as iemand vir julle iets sê, moet julle antwoord: Die Here het hulle nodig; en dadelik sal hy hulle stuur.*

*En dit het alles gebeur, sodat vervul sou word die woord wat deur die profeet gespreek is*:

*Sê vir die dogter van Sion: Kyk, jou Koning kom na jou toe, sagmoedig, en Hy sit op 'n esel, ja, 'n jong esel, die vul van 'n pakdier.*

*En die dissipels het gegaan en gedoen soos Jesus hulle beveel het;*

*hulle het die esel en die vul gebring en hulle klere daarop gelê, en Hy het daarop gaan sit.*

*En die grootste deel van die skare het hulle klere op die pad oopgegooi, en ander het takke van die bome afgekap en op die pad gestrooi.*

*En die skare wat voor geloop en die wat gevolg het, het uitgeroep en gesê: Hosanna vir die Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here! Hosanna in die hoogste hemele!*

*En toe hy in Jerusalem inkom, het die hele stad in opskudding geraak en gesê: Wie is hierdie man?*

*En die skare sê: Dit is Jesus, die profeet, van Nasaret in Galilea.*

Nou as ek 'n teks daaruit sou neem, vir omtrent dertig minute voor die gebedslyn begin, wil ek graag hierdie neem vir 'n teks: *Wat Is Die Aantrekkingskrag Op Die Berg?*

13 Nou, dit was 'n baie vermoeiende, senuweeagtige dag, en dit was 'n ongewone dag. Ons vind Jesus hier opkom na Jerusalem, gereed om die pasga by te woon. En die pasga is waar die Pasga-lam doodgemaak word, en die bloed gesmeer word op die genadetroon vir die versoening vir die mense. En Hy het opgekom van Bétfagé en gekom na die Olyfberg, wat afkyk op nog 'n heuweltjie waar Jerusalem gebou was. En soos Hy gekyk het, en geweet het dit was Sy finale besoek.

Dit was die tyd dat Hy oorgelewer sou word in die hande van sondige mense en hulle Hom sou doodmaak. Hy sou die verskriklikste dood sterf wat ooit gesterf is deur 'n sterfling, en begrawe word. Hy sou verraai word deur Sy Eie, party van hulle wat reg langs Hom gestaan het. En Hy, as God, het geweet wat in hulle harte was, en het van die begin af geweet wie Hom sou verraai. En het geweet daardie man was met Hom, wat aan Sy sy gesit het en Sy geld vir Hom getel het, ensovoorts, het geweet daardie man sou Hom verraai. En het geweet dat 'n wrede Romeinse kruis daarbuite vir Hom gewag het. Hy het geweet dat Sy water in Sy liggaam en die Bloed van Sy liggaam sou skei, en dat die Bloed van Sy voorkop sou drup, yslike groot druppels soos sweet. Hy het geweet dit was alles voor Hom. En Hy staan op die berg, en kyk oor na Jerusalem.

14 Die mense van daardie dag, die ... wat hulle daardie dag genoem het: "'n Beter klas godsdienstige mense," het Hom gehaat. Die kerke van daardie dag het Hom gehaat en Hom veroordeel, en almal wat na Hom geluister het, veroordeel. En as hulle gegaan het en Sy veldtogte bygewoon het, was hulle dadelik geëkskommuniseer uit die gemeenskap van die kerk. Geen wonder die Skrif het gesê: "Hy het na Sy Eie gekom, en Sy Eie het Hom nie ontvang nie." Diegene wat Hom lief behoort te gehad het, diegene wat vir Hom behoort te gewees het, was Sy bitter, bitterste vyande.

15 En Hy het Sy klein groepie saamgestel, uit 'n klomp arm mense, vissermanne, belastinggaarders, onopgevoed. Die Bybel het gesê party van hulle was selfs "onkundig, ongeletterd." Party kon nie eens hulle naam teken nie. Hy het nooit na die kerke gegaan om Sy mense te kry nie.

En Hy het nooit saamgestem met enige van die kerkleiers nie. En, buiten dit, het Hy die einste gang van 'n profeet gevolg. Hy het alles veroordeel wat hulle gedoen het, soos diegene voor Hom gedoen het; want hulle was 'n deel van die Woord, en Hy was die Woord in Sy volheid.

16 Maar in die midde van dit alles, deur elke eeu en elke profeet wat was of sal wees, gaan daar 'n sekere getal mense wees wat voorbestem is om daardie Boodskap te hoor, en hulle sal Dit volg. Daardie ignoreer die skares. Hulle ignoreer die kritiek van die ongelowige. Hulle het geen argument met hulle nie. Hulle het een ding om te doen, dis glo en elke deeltjie daarvan kry wat hulle kan, Dit in te neem soos Maria wat aan die voete van Jesus gesit het.

En Martha het Sy middagete gereedgemaak, en Jesus het vir haar gesê: "Maar, Martha, jy is so besorg oor die dinge van die lewe, maar Maria het die beter dinge gesoek," sien, die dinge van Ewige Lewe.

17 Nou, ons vind dat baie van die mense wat verstaan het.... Hulle het nie literatuur gehad soos ons vandag het nie, hulle het nie televisie of telefone, of enigiets, van daardie dag gehad nie, maar dit was soort van rondvertel dat Hy by die pasga sou wees. Want baie van die mense, wat geestelik ingestel was, het geweet dat Hy die Pasga-lam was, want Hy het hulle alreeds die dinge vertel wat gaan gebeur.

18 En dan, natuurlik, in die wete dat Hy daar sou wees, en op die manier wat hulle Hom liefgehad het, het hulle vir Hom gewag. Daar was 'n skare wat waarskynlik gedruk en gestoot het, van die een hek na die ander een, uitgekyk het op elke manier, want hulle het geweet dat een van die ure Hy sou verskyn. Hulle het uitgekyk.

Andere het gewonder wat fout was met hierdie mense wat van hek tot hek gehardloop het. "Wat is die aantrekkingskrag?"

En hulle sou na hierdie kant kyk en daardie kant kyk, om uit te vind. Gelyk asof hulle soek na iets, met verwagting van iets wat gaan gebeur.

O, hoe graag sou ek my teks wou verander het vir 'n paar minute, en dit sê, dat dit is wat die probleem vandag is. Die mense wat uitkyk vir Hom om te kom, is onder groot verwagting en afwagtinge. Ons kan die druk voel. En hulle soek, hou elke beweging en elke teken dop, vergelyk dit met die Skrifte.

19 En toe hulle gesien het al daardie dinge wat voorspel was van Hom, reg tot by die einde, het hulle geweet die einde is naby. Hulle wou daar wees, so hulle het dopgehou. Deel van die skares was vir Hom, in die minderheid. Party was teen Hom, meeste van hulle, negentig persent was teen Hom.

En dis omtrent hoe dit vandag is in die godsdienstige skares, wanneer dit regtig neerkom op die Woord en Christus, is daar omtrent een persent wat Dit sou glo. Die ander deel sal geen aandag daaraan skenk nie, maak nie saak wat gedoen was nie, hulle sal een of ander soort grap maak of spot dryf Daarmee. Net omtrent dieselfde. Tyd, dinge verander nie veel nie, geskiedenis herhaal homself net weer.

20 Wel, ons vind dit het 'n senuweespanning veroorsaak. Dit moes. Dit moet dit doen. Hulle het gewag, hulle het gewonder wat Hy sou doen wanneer Hy daar gekom het. Hulle wou daar wees om alles te kry wat Hy gedoen het. Hulle wou Dit hê. Hulle wou Dit sien. Hulle het Hom geglo. Andere het gehoor Hy was aan die kom, en hulle het soontoe gegaan om die spot met Hom te dryf. So na al die senuweeagtige afwagting, 'n baie ongewone dag, baie ongewone tyd, kerke aan die slaap, was die mense se senuwees op breekpunt, daar was soveel mense daar, en toe gebeur dit!

21 Bo-op die Olyfberg kom 'n klein, wit donkie aan, wat teen die heuwel afloop, met 'n groep mense wat fanaties skree, palmblare van die bome aftrek, hulle klere in die pad strooi, skree: "Hosanna aan die Seun van Dawid wat kom in die Naam van die Here!" Die ... hierdie klein muil, sy Ruiter was niemand anders as God se gesalfde Messias van die uur.

God, dan, wat het Hy gedoen? Wat is die aantrekkingskrag daar bo-op die heuwel? Dis God wat geskiedenis maak, en God wat profesie vervul. En dit veroorsaak altyd 'n aantrekkingskrag. Dit bring al die kritici na vore, die aasvoëls, (van vanmôre se Boodskap), en die arende ook. Sien? Hulle het bymekaar gekom om uit te vind wat aangaan. Party het gekom uit nuuskierigheid, party het gekom om fout te vind, ander het gekom om te kritiseer. Daar's alle soorte bymekaar, soos ons vanmôre gesê het: Gelowiges, skyngelowiges, en ongelowiges. Wat's op die berg? Profesie word vervul. Nou sal ons sien wat plaasvind.

22 Nou, in die Boek van Sagaría, in die 9de hoofstuk en die 9de vers. Sagaría, een van die profete, gespreek in die Gees, deur dit te sê.

*Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel—op 'n jong esel, die vul van 'n eselin.*

Nou, wat was die probleem met daardie skrifgeleerdes? Wat was die probleem met daardie priesters? Wat was die probleem met daardie godsdienstige mense? Hierdie was geskryf vierhonderd sewe-en-tagtig jaar voor dit gebeur het, deur 'n bevestigde profeet, en was alreeds in die geskrifte geplaas en die Bybel genoem, die boekrolle van die Ou Testament. Hoekom kon hulle nie sien dat dit profesie is, vervul nie? Dieselfde rede waarom hulle dit nie vandag kan sien nie. Hulle het die Woord van God geneem en Dit kragteloos gemaak vir die mense, deur die leer (van oor leweringe) van Doktriene, die tradisies van die mens.

En as skrifgeleerde, predikers, leraars, geestelike manne (sogenaamd), gesalfdes, net die Bybel sou lees, sou hulle nie wonder wat plaasvind nie, hulle sou weet wat Dit is. God wat Sy Woord vervul!

23 Geskiedenis is gemaak, profesie is vervul. Verlossing het gearriveer vir die wêreld, die groot dag waarna al die profete uitgesien het. Almal wat in die graf was het gewag vir daardie dag (goeiste, dink daaraan), almal wat gesterf het, al die regverdiges van die bloed van die martelare en die profete.

Wat, Hy het pas uitgeskree: "Jerusalem, O Jerusalem, jy wat elke profeet stenig wat Ek vir jou gestuur het, en die regverdiges doodgemaak het, hoe dikwels wou Ek jou bedek soos 'n hen, haar kuikens, maar julle wou nie. Maar nou het julle uur gekom."

24 Alles wat in die graf was, Abraham, Isak, Jakob, al die profete, het gewag vir hierdie uur.

En die kerk was blind Daarvoor. "Wie is dit wat al hierdie geraas maak? Wie is daardie Kêrel?" Hulle het eenkeer gesê, "Is dit nie die skrynwerker se seun daar oorkant nie? Ons ken Hom. Waar het Hy hierdie wysheid gekry? Wel, ons sien Hom nie verbind met enige van ons skole nie. Ons weet nie van enige boeke waaruit Hy ooit geleer het nie. Wie is Dit?"

Hy was die antwoord van die profeet se profesie. Hier kom Hy, en ry op die vul van 'n eselin. Wat 'n aantrekkingskrag! God het Sy beloofde Woord vervul, die uur waarvoor gewag was vanaf vierduisend jaar. In Génesis, die 3de hoofstuk en die 15de vers, het God die voorspelling gemaak: "Die Saad van die vrou sal die slang se kop vermorsel, maar sy kop sal haar hakskeen byt," daardie profesie regaf deur die Bybel wat voorspel het van hierdie Man wat sou kom.

25 En hier net onlangs was daar 'n profeet wat onder hulle opgestaan het, wat 'n bevestigde profeet was, Sagaría, en hy het gesê, "Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel—op 'n jong esel, die vul van 'n eselin*.

En hier het daardie mense wat daardie Skrif gelees het, dag vir dag, Hom dopgehou toe Hy ingery kom, en het uitgeroep: "Wie is dit?" Sien? God wat Sy Woord vervul aan die mense wat behoort te geweet het wat Dit was, maar hulle het Dit nie geweet nie.

Wanneer God Sy Woord vervul, veroorsaak Dit altyd 'n aantrekkingskrag, altyd. Veroorsaak 'n aantrekkingskrag, want Dit is die ongewone. So ongewoon, wanneer Hy Sy Woord vervul aan die moderne gang van die dag, want die moderne gang van die dag glo nie Daarin nie. Hulle het hulle eie manier.

26 Nou, ons sien, en laat ons teruggaan in die Skrifte en 'n paar ander ongewone gebeurtenisse neem, net vir nog 'n paar minute, toe God sy profesie vervul het. Wanneer God enigiets sê, gaan Hy dit doen. Al die hemele en aarde sal verbygaan, maar daardie Woord kan nooit verbygaan nie. So Dit veroorsaak gewoonlik 'n skouspel, 'n ongewone skouspel.

Let op hoe belaglik dat die Woord van God aan 'n volk wat veronderstel is om Dit te glo, en tog is Dit so ongewoon dat hulle uitroep, "Wel, wat's dit? Waar kry julle daardie goed? Wie is hierdie? Wat is dit?

Wanneer, hulle behoort te geskree het, "Hosanna aan die Koning wat kom in die Naam van die Here!" Maar daar was net 'n klein groepie wat dit gedoen het, net 'n klein groepie.

Van vier duisend jaar van profesie, van die grootste ding wat ooit kon gebeur met die volk, met al die hoop van die dooies wat Daarin gerus het, die hele toekoms het Daarin gelê; en die godsdienstige mense, wat daarop aanspraak gemaak dat hulle Dit geglo het, het uitgeskree: "Wie is Dit? En wat is hierdie aantrekkingskrag?" Iets ongewoons! Omtrent dieselfde, dit verander net nie, so ongewoon.

27 Laat ons kyk na party van die ongewone dinge, soos ek pas gesê het. Wat was die aantrekkingskrag net voor die oordeel die wêreld getref het en dit vernietig het deur water? 'n Ou man, om en by 'n honderd-en-twintig jaar oud, 'n boot gebou het, toe daar geen water was om dit te laat dryf nie. Daarbo vir jare, in die deur gestaan, gebou aan die binnehuis, aan die binnekant, en dit binne en buite verseël

met pik, en sê, "Die wêreld gaan verdelg word met water," die groot wetenskaplike eeu.

"Wat is die gehamer daarbo op die heuwel?" "Wel, dis 'n ou man met die naam van Noag, en hy's daarbo, 'n ou fanatikus. Die ou man het te lank in die son gestaan. Hy het sonstraal. Hy's van sy verstand af. En hy bou wat hy noem ''n ark,'en sê waters gaan van daarbo af kom waar daar geen water is nie, en dit gaan al die mense laat rond dryf; en almal wat nie na sy boodskap luister nie, en almal wat nie in daardie ark wil ingaan nie, gaan verdrink. Het julle al ooit van so-iets gehoor?" Dit was 'n ongewone aantrekkingskrag!

28 Ek reken wanneer die mense lekker wou lag, het hulle soontoe gegaan en voor die arkdeur gestaan en gelag. "Wel, jy het gesê dit sou 'n honderd jaar gelede al gereën het! Oupa het vir my gesê hy het jou hierbo hoor sê dit gaan reën, en jy kap nog steeds aan hierdie ou stuk hout. Waarom kom jy nie tot jouself nie?"

Maar God was gereed om 'n belofte te bevestig en om 'n profesie te vervul wat Sy profeet gemaak het. Baie ongewoon! God wat Sy belofte aan Noag vervul het, terwyl andere gelag het. God het ook gereedgemaak om geskiedenis te maak om andere te wys, selfs tot hierdie dag, dat Hy Sy Woord hou! Maak nie saak hoe onwerklik dit blyk te wees, en onredelik nie, Hy hou steeds Sy Woord. Hy het dit 'n voorbeeld gemaak, uit daardie ou man wat aan daardie ark kap, vir hierdie mense hier in Amerika vanaand en oor die hele wêreld. Maak nie saak wat wetenskaplikes sê nie, wat hulle sê, dit, dat, of die ander, Hy hou steeds Sy Woord. Hy het geskiedenis gemaak.

29 Wat was die aantrekkingskrag eendag; 'n ongewone ding het gebeur terug in die wildernis, en dit was 'n bos wat aan die brand was. En 'n profeet wat weghardloop het daar in die wildernis gestaan. Hy het nooit enige stem gehoor nie, hy het nooit enige geluid gehoor nie, maar hy het gekyk en 'n ongewone ding bo-op die berg gesien. God het sy aandag probeer trek. Dieselfde is dit vandag!

God was gereed om Sy Woord te vervul, deur Sy profeet Abraham: "Jou saad sal vir vierhonderd jaar vertoef in 'n vreemde land. Ek sal hulle uitbring met 'n magtige hand."

En Hy het 'n man voorberei vir die werk, soos Hy 'n ark voorberei het vir 'n veilige plek vir almal wat wou glo. God het hierdie bos aan die brand gesteek, en hierdie skaapwagter, Moses, het gesê, "Ek sal net afdraai om te sien wat hierdie vreemde ding beteken." En toe Hy Moses bo by die bos kry, het Hy met hom gepraat.

30 Wat was die aantrekkingskrag later in Pilatus se saal, toe hierdie skaapwagter 'n stok neergegooi en dit in 'n slang verander het? God wat Sy belofte vervul het aan Moses. Wat was die aantrekkingskrag by die Dooie See, toe Farao se perde almal verskrik was, toe hulle 'n wind sien opkom uit die hemele en die Rooi See van links na regs sien verdeel; en 'n arme klomp slawe, wat in die plig van God wandel, daardeur loop op droë grond? Wat was dit? God wat Sy Woord hou. Die doodsheid het wegbeweeg, 'n lewende volk het oorgegaan; en 'n geestelike dooie volk het dit probeer naboots, en verdrink. God wat profesie vervul en geskiedenis maak. Dit was die aantrekkingskrag by die Dooie See.

31 Wat was die aantrekkingskrag die tweede dag daarna, by Berg Sinai, toe die hele volk beveel was om nie by hulle vrouens te kom nie, toe hulle gevra is om hulle klere te was en hulleself te reinig, en te vergader by die berg waar 'n man met die naam van Moses wat gesê het hy het God in 'n Vuurkolom ontmoet? En God het vir Moses gesê, "Ek gaan onder die mense afkom. Ek gaan bevestig dit wat ek vir jou gesê het, en Wie Ek is. Ek gaan hulle wys dat Ek daardie God is." Dit was die aantrekkingskrag, God wat Sy Woord vervul.

32 Wat was die aantrekkingskrag eendag in die geskiedenis, waar 'n volk God vergeet het, waar die mense formeel en onverskillig geword het, waar die priesters almal saam met die moderne gang gegaan het, die profete geprofeteer het volgens die wil van die priesters? En in daardie dag, soos gewoonlik, het hulle een man gehad wat hulle gedink het 'n fanatikus was. Hy het gepraat oor vroue wat verf dra, en alles, en hy was 'n snaakse soort kêrel. En hierdie ou kêrel het afgekom en vir die koning gesê, "Nie eens dou gaan vra ... kom totdat ek daarvoor vra nie."

33 En ons vind uit, toe, dat hy homself versteek het en weggehardloop het daarvan, en iewers in die wildernis weggekruip het. Die geselskap het gedink dat hy miskien gesterf het van die honger of vergaan het, maar hy was baie goed gevoed, en is ook water gegee. En hier het hy, gekom en gesê, "Sien julle dat ek SO SPREEK DIE HERE het? Nou, as julle nog nie oortuig is nie, laat ons opgaan na die top van die berg en bewys wie God is," want hy het nog 'n visioen van die Here gehad.

Hy het gesê, "Kies vir julle 'n altaar, en maak dit, en kies osse en slag hulle. Ek sal 'n altaar bou van die Here, en ek sal ook 'n os op myne sit. Ons sal albei 'n offer maak, en laat die God wat God is antwoord." Hy sou dit onder geen omstandighede gedoen het, as die Here nie vir hom gesê het nie, hy het later so gesê, "Ek het dit gedoen volgens ... dit alles, volgens U bevel, Here."

34 Maar wat is die aantrekkingskrag? Dit het vierhonderd priesters op die heuwel laat staan, en die

koning daarbo in sy strydwa, met al sy wapenrustings en wagte wat rondstaan. En hierdie ou, man met sy wollerige, donsige gesig, kaalkop, en hare wat afhang oor sy gesig, stuk skaapvel om hom gedraai, en hare oral oor sy liggaam, staan daarbo met 'n stok in sy hand, en 'n kruik olie in die ander hand; wat net gesê het, drie en 'n half jaar tevore: "Nie eens dou sal val, totdat ek daarvoor vra nie," neem die plek van God, met sulke dinge soos halos en skaduwees, en al waaroor hulle praat. "En daar staan die ou fanatikus daar op die heuwel, en bring al daardie mense soontoe." Wat was daardie aantrekkingskrag? Dit was God wat gereed was om te bevestig dat Sy profeet reg is. Dit was God wat profesie vervul het. God wat ook geskiedenis gemaak het, die Woord in vervulling.

35 'n Paar honderd jaar daarna, was daar 'n man gesalf met daardie selfde Gees, en hy het uit die wildernis gekom, was nie verbind met enige organisasies nie; hoewel sy pappa 'n organisasieman was, 'n priester van 'n orde. Maar hy het uit die wildernis gekom, aangetrek met 'n skaapvel oor hom, baard oor sy hele gesig. In plaas van grys te wees, was dit swart. Wat was hierdie man se aantrekkingskrag wat die hele Jerusalem en Judéa aangetrek het? Party van hulle wat uitgegaan het en gesê, "Daar's 'n wilde man daaronder. Hy probeer die mense verdrink. Wie het ooit gehoor van so 'n ding soos dit?

36 Ander was nuuskierig, en gesê, "Dit moet die Messias wees." Een van hulle het gesê, "Dit kan een van die profete wees." Hulle het nie geweet wat om te dink nie. Maar wat was dit? Dit was God wat Jesaja 40 vervul, waar Hy gesê het, "Kyk ..." wat Hy sou doen in die laaste dae, hoe Hy Sy dienaar sou stuur en wat hy sou doen.

Dan vind ons, 'n paar weke daarna, dat daardie man so oortuig was van sy boodskap, totdat hy gesê het, "Daar staan Een onder julle, Wie se skoene ek nie werd is om te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en Vuur, soos ek gedoop het in water."

37 Eendag het 'n gewone, jong Man, omtrent dertig jaar, aageloop gekom en is gedoop. En toe hierdie Man kom, was daar so 'n aantrekkingskrag by die profeet, die profeet het snaaks opgetree daardie dag. Die gemeente kon nie help om die aksie van die profeet dop te hou nie.

Toe hy aan die debateer was met die priesters oorkant die rivier, het hulle gesê, "God het hierdie altaar gebou. God het vir ons gesê om dit te doen. Moses is die profeet. Ons glo Moses. Die offerhande sal nooit mee weggedoen word nie."

Ek kan Johannes hoor terug antwoord, en sê, "Het julle nie in die Skrif gelees wat Daniël die profeet gesê het, 'Daar sal weggedoen word met die daaglikse offerhande nie? En daardie uur het aangebreek! Het julle nie gelees wat Jesaja gesê het in die 40ste hoofstuk, 'Die stem van een wat roep in die woestyn, berei die weg van die Here nie? Daar is twee profesieë vir my. En nog 'n ding, het julle nie ons profeet herken vierhonderd jaar gelede, Maleági, toe hy in die 3de hoofstuk gespreek en gesê het, 'Kyk, Ek stuur My boodskapper voor My aangesig, om die weg voor te berei nie'? Weet julle nie hierdie vervul profesie nie?" Profesie was vervul!

38 En omtrent daardie tyd het die profeet omgedraai en gesê, "Aanskou, daar kom die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" Nou wat is die aantrekkingskrag? Dit het verander van die profeet na sy profesie.

Nou let op wat gebeur. Hier kom 'n gewone Man, bekend aan niemand, 'n skrynwerker se seun, aangestap in die water. Toe Johannes, die groot profeet, gesê het, "Ek het nodig om deur U gedoop te word. Waarom kom U na my toe?"

Hy het gesê, "Laat dit so wees. Maar, as 'n profeet en die Woord, betaam dit ons om alle geregtigheid te vervul."

Toe het hy verstaan die Offer moes gewas word voor aanbieding, en hy het Hom gedoop.

39 Nou daar's 'n ander aantrekkingskrag wat plaasgevind het toe Hy uit die water uitgekom het. Hierdie profeet wat so getrou was om die eeu en die tyd te verklaar, het opgekyk en hy het die hemele sien oopgaan. Hy het die Gees van God, gesien soos 'n duif, neerdaal op Hom, en 'n Stem wat sê, "Dit is My geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het." God het 'n profeet se boodskap bevestig, wat die aandag getrek het by die Jordaan.

40 'n Broer het'n ruk gelede gesing, of hy was veronderstel om te sing, "Op die heuwels ver van 'n ou ruwe kruis gestaan het." Wat is die aantrekkingskrag op die Berg Gólgota? Wanneer ons sien die godsdienstige wêreld het Hom veroordeel, en die Romeinse regering het Hom die dood vonnis opgelê. En hier het Hy tussen twee misdadigers gehang, dood van die dors, Bloed wat uit Sy liggaam stroom. Daar hang Hy, en roep uit, "My God, My God, waarom het U My verlaat?" En die godsdienstige mense wat daar staan, en wat daarna kyk, min het hulle geweet dat die profesie van die Ou Testament was net daar vervul reg daar by Golgota.

Dawid het self geskryf, gemaak ... en die Gees het oor hom vaardig geword soos al die profete, en

hy het gemaak asof dit hy was. Dawid het uitgeroep, in die 22ste Psalm, "My God, My God, waarom het U My verlaat? Al My beendere, hulle staar na My. Hulle het My hande en My voete deurboor." Dawid, wat praat asof dit hy was. En dit was nie Dawid nie, dit was Christus in Dawid.

En hier het die einste profesie wat uitgegaan het, van al die verskillende profete, was vervul op die Berg Gólgota. Wat is die aantrekkingskrag op die berg Gólgota? God wat Sy Woord vervul.

41 'n Ander aantrekkingskrag wat op 'n berg was, was op Pinksterdag, toe hulle almal daarbo was in 'n godsdienstige fees, gedink hulle het ontslae geraak van al die fanatici. Hulle het nie van hulle gehoor vir tien dae nie. Ewe skielik, soos 'n byekorf, het hulle uitgebreek aan die bokant van die gebou, uit in die strate, aan die skree en aan gegaan.

"Wat is hierdie? Wat beteken dit? Is al hierdie mense dronk?"

Let op! En 'n profeet het onder hulle opgestaan, soos die orde van 'n profeet moet wees, en het gesê, "Julle manne van Israel, en julle wat woon in Judéa, in Jerusalem, laat dit aan julle bekend wees, en luister na my woorde. Hierdie is nie dronk soos julle dink nie. Maar dit is waarvan gespreek is deur die Here deur Joël, die profeet, 'Dit sal gebeur in die laaste dae, Ek sal My Gees uitstort op alle vlees.'" Dit was die aantrekkingskrag.

42 Die godsdienstige mense, na die kruisiging van die Prins van Lewe, en alles, het steeds nie die belofte van die koms van die Heilige Gees gesien nie. Die aantrekkingskrag, "Wie is dit? Wat beteken dit? Wat is die probleem met hierdie mense?"

O, goeiste! Dis vandag dieselfde. Ons sal 'n klomp van hierdie omseil om dit te bring na hierdie uur. Dieselfde ding is vandag. Dieselfde ding vind plaas. Dieselfde vraag is gevra. "Wat se lawaai is dit alles?" Kyk op en af met die straat, motors van Michigan af tot Florida, van Maine tot Kalifornië. Vanmôre toe ek uitkom, of gery het net in die namiddag, het ons met die straat afgegaan, vrou en ek het gekyk na nommerplate op motors. Dis toe ek aan hierdie teks gedink het.

"Wat beteken dit?"

Net soos Dit gesê het, "Waar die Karkas is, daar sal die arende saamkom."

43 Ek het vir my vrou gesê, "Skat, onthou jy die laaste aand toe ek moes totsiens sê vir alles wat kosbaar was vir my op aarde, en uit gaan om iets te begin wat God gesê het om te doen? Jy het daardie lied gesing."

O, hulle kom van die Ooste en die Weste,
Hulle kom van die lande ver,
Saam met ons Koning, te eet as Sy gaste;
Hoe geseënd is hierdie pilgrims nie!
Aanskou Sy gewyde aangesig,
Skynende met Goddelike liefde;
Geseënde deelgenote van Sy genade,
As juwele in Sy kroon te skyn.

44 Dis wat die aantrekkingskrag is. Die voorbestemde Saad van God, wat niks anders kan doen nie, maar Dit volg, beteken meer as lewe vir ons. Neem ons lewens, maar jy kan Dit nie neem nie. Wat is die aantrekkingskrag? God, soos gewoonlik, wat Sy Woord vervul. Hy vervul weer die Woord van Sagaría, van die profeet Sagaría.

Waar ek die 9de vers 'n ruk gelede gelees het, toe Jesus Sy tempel binnegegaan het, gery ... of Jerusalem binnegegaan het, ry op 'n klein, wit donkie, was die profesie vervul wat Sagaría gesê het. Hier is Dit, "Verheug jou grootliks, O dogters van Sion. Juig, O dogters van Jerusalem. Kyk, jou Koning kom na julle; Hy is regverdig, en met verlossing; nederig, ry op 'n esel, en op die esel, die vul van 'n eselin." Dis wat die aantrekkingskrag was by Jerusalem, by die godsdienstige hoofkwartiere.

45 Nou sien ons 'n laaste dag gebeurtenis! Laat ons net 'n paar blaaie aanblaai, in Sagaría, en sien wat hy daaroor gesê het. Laat ons dit dan oorblaai vir die laaste dae. Dit was die middeleeu; laat ons nou blaai na die laaste dae. En blaai oor na Sagaría, die 14de hoofstuk, en vanaf die 4de vers. En luister! En ons gaan 'n deel van die Skrif ondertoe lees, omtrent nege verse, van 4 tot 9. Luister aandagtig. En dit profeteer van Sy Koms, die laaste dae. Luister nou aandagtig. Hierdie is SO SPREEK DIE HERE. Dis die Skrifte, Sagaría 14. Onthou Sagaría 9, wat Dit gesê het? En hulle het Dit nie herken nie. Nou wat is dit vandag? Sagaría 14, wat praat van Sy Koms.

> *En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide.*

*En julle sal vlug in die dal van my berge — want die dal van die berge sal loop tot by Asal — en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussia, die koning van Juda:....*

46 Nog 'n aardbewing verdeel die aarde! As jy hier 'n Skrif wil volg, let op in hierdie 5de vers, dit dui dat die deurkliéf van die Olyfberg die rede is vir die aardbewing, en dit bevestig word deur Jesaja 29:6 en Openbaring 16:9. Presies! Wat is dit? Dieselfde profeet vertel van Sy eerste koms, sien Sy tweede Koms. Let op, "Soos in die dae van die aardbewing." Sien wat die aardbewings doen? Sien die voorspellings van hulle?

*.... Dan sal die Here my God kom, al die heiliges met U!*

*En in dié dag sal daar geen lig wees nie, die sterre sal duister wees:*

*En dit sal 'n enige dag wees wat aan die HERE bekend is — geen dag en geen nag nie; maar teen die aand sal dit lig word.* (O God!)

47 "Dit sal Lig wees teen die aandtyd," selfde profeet. En die mense is blind! Wat is die aantrekkingskrag? Laat ons nog 'n paar verse lees.

*En in dié dag sal daar lewende waters uit Jerusalem uitvloei, die een helfte daarvan na die Oostelike en die ander helfte daarvan na die Westelike See; somer en winter sal dit so wees. (Die Evangelie wat uitgaan; beide Jood en Heiden.)*

*En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een.*
Dit sal Lig word teen die aandtyd, (reg)
Die pad na Heerlikheid sal julle beslis vind;
In die waterweg is die Lig vandag,
Begrawe in die dierbare Naam van Jesus.
Jonk en oud, bely al julle sondes,
Die Heilige Gees sal sekerlik inkom;
Die Aandlig het gekom,
Dit is 'n feit dat God en Christus Een is.

Sien waar is ons?
Nasies verbrokkel, Israel ontwaak,
Die tekens wat ons profete voorspel; (daardie aardbewing aan die Heidene vir die laaste dag)
Die Heidendae getel, met verskrikkinge omring; Keer terug, O verstrooides, na jul eie.

Julle wat uitgeskop is, en hierdie arke wat op nuwe waens gedra word, kom daaruit voor die dood julle tref. God het Dit bevestig. Dit sal so wees.

48 Laat ons na 'n ander Skrif in die Ou Testament blaai, Maleági die 4de hoofstuk, en lees daardie klein 4de hoofstuk.

... *kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees;* ...

Nou, hierdie is nie.... Dis Maleági 3, was die eerste koms, nou hier is die volgende koms. Selfs die Doktor Scofield hier, ek stem beslis nie saam met hom in sy voetnotas nie, maar hy het dit hier reg uitgeskryf. "Die opdrag van Johannes," aan Maleági 3; en, "Die tweede Koms van Christus," en Elía voor die tyd. Goed.

... al die vermeteles sal verbrand, *sê die HERE van die leërskare, sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie.* (Waar's die "Ewige" hel dan?)

*Maar vir julle wat my naam vrees, sal die Son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.*

*En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê die HERE van die leërskare.*

*Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel—insettinge en verordeninge.*

49 Hier is die koms van Elía.

*Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía....*

Die laaste afsluitingskrif van die Ou Testament!

> *.... Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek.*

Nou, dit kon nie Johannes gewees het nie. Nee. Sien, die wêreld was nie verbrand nie en die regverdiges het nie die bose onder hulle voetsole vertrap nie. Sien? Nee, nee.

> ... voor *die groot en vreeslike dag van die HERE:*

> *En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.*

Let op die akkuraatheid van die Heilige Gees, dat Dit nie die twee komste van Elía sou verwar nie. Maleági 3, het gesê, "Kyk, Ek stuur My boodskapper voor My aangesig." Jesus was gevra oor Johannes; Hy het gesê, "As julle dit kan ontvang, dit is van wie die profeet gesê het, 'Ek stuur My boodskapper voor My aangesig.' Hierdie is die Elía wat moes kom." Maleági 3.

50 Let op die Skrif gee dit so akkuraat. Kyk wat hierdie ... om te wys die ... hulle wat wil glo, hulle wat wil sien. Onthou, Jesus wat stop in die middel van 'n Skrif, want 'n deel daarvan was toe vervul, die res vir Sy tweede Koms? "Om die aangename jaar van die Here te preek, verbind die gebrokenes van hart," en gestop; nie "oordeel aan die Heiden te bring" voor Sy tweede Koms nie.

51 Let op dat die Skrif hier daarmee ooreenstem. "En Hy, Elía, sal die harte van die vaders terugbring tot die kinders." (Praat nou van Maleági 4, dit nie verwar met, Maleági 3 nie.) Johannes, Elía, wat gekom het in die dae voor die eerste koms van Christus, het die harte van die aartsvaders teruggebring na die boodskap van die kinders, die nuwe boodskap.

Nou kyk. "En die harte van die kinders na die vaders." In sy tweede koms, in die laaste dae, bring hy die apostoliese Geloof weer terug. Sien hoe perfek die Skrifte oplyn?

Dit was die einde van die Ou Testament, die Ou Testament. Nou sien ons daar's Lig in die aandtyd. Wat is Dit? Dis die top, Berg Boomtop.

52 Soos ek vanmôre gesê het, ons het opgekom deur denominasies, deur (nie 'n lemoenboom nie) waarvan ek vanmôre gepraat het, maar ons het pomelo's, suurlemoene, alle soorte ander dinge wat gladnie soos die begin was nie. Maar nadat.... Moet Dit nie mis nie. Hier kom Dit. Na al die denominasies uitgeput is, het hulle geen lig gehad om mee te begin nie, daar sal 'n dag wees wat nie dag of nag genoem kan word nie.

Wat doen hulle? Wat doen hulle? Wat doen 'n suurlemoen aan 'n lemoenboom? Dit neem die oorspronklike lewe van die lemoen wat opkom en verdraai dit deur 'n suurlemoen. Dis wat die denominasies gedoen het met die Woord van God, die Woord van God kragteloos gemaak deur hulle tradisies. Dis SO SPREEK DIE GEES VAN DIE HERE. Hulle het suurlemoene, pomelo's voorgebring, nie lemoene nie.

53 Maar wat het die profeet gesê? Dieselfde een wat gesê het vir ons teks vanaand, "Verheug jou, O dogters van Jerusalem, skree hard, dogters van Sion, want julle Koning kom na julle, sagmoedig en saggeaard, wat sit op die vul van 'n esel," let op daardie selfde profeet het gesê, "Daar sal 'n tyd kom vir die rypword." Die son is gestuur op die aarde om die vrugte ryp te maak. Waarom kon dit nie ryp word nie? Daar's geen vrugte daar om ryp te word nie. Maar die Lewe gaan steeds voort.

54 Dit het opgekom deur 'n pomelo, om 'n lemoen te wees, uitgevind dit het georganiseer; dit was 'n pomelo. Dit het weer gegaan, dit het daardie keer voortgekom as 'n suurlemoen. Weer aangegaan, dit het geblyk om iets anders te wees. En die laaste, top van die boom, het uitgekom as 'n tangelo, wat half lemoen, half suurlemoen is; 'n gemengde geslag, 'n verdraaide ding; voortgekom na 'n verdraaïng, lewe van dieselfde boom; die dop, "om amper die Uitverkorenes te mislei." Lyk soos 'n lemoen, maar dit is nie.

"Maar dit sal Lig wees," wanneer Sy bo organisasie uitstyg. Wanneer Sy uitgaan verby organisasie, sal dit weer blom, dit sal weer lemoene voortbring, soos sy was toe sy in die grond geplant was, en dan sal dit Lig wees.

Wat is hierdie aantrekkingskrag; wat is hierdie gebeurtenis? Vervulling van God se Woord. Daar is twee getuies van die Ou Testament, dat dit sou gebeur.

55 Laat ons Johannes 14:12 neem, van die Nuwe Testament, Jesus het gesê.

> *... wie in My glo — die werke wat Ek doen, sal hy ook doen;....*

Ook, in Lukas 17:22 tot 30, het Hy gesê.

Soos dit was in die dae van Lot, voor Sodom verbrand het, so sal dit wees by die terugkeer van die Seun van die mens, daardie *dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word.*

O, kyk net na die Skrifte! "Die Seun van die mens," Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, het verby denominasies gegroei, het gegroei na die top van die Boom. Wat het Hy gesê in Johannes 14, of 15? "Elke loot wat in My is, wat nie vrug dra nie, dit sal afgesny en gesnoei word, in die vuur gegooi en verbrand word. Maar elke loot wat vrugte dra, dit sal gereinig word."

56 O, daar sal 'n ware saai- en oesreën in die laaste dae kom op daardie klein groepie wat saam met Hom kom op hierdie donkie, laag en nederig, geen don- ... of denominasie, wat uitroep, "Hosanna aan die Koning wat kom in die Naam van die Here!" Wat is die probleem vandag? Wat is die aantrekkingskrag op die berg?

57 Nie lank gelede nie, het by die preekstoel gestaan, dit was gesê deur die Heilige Gees, "Die dag sal aanbreek wanneer hulle 'n paal sal inslaan voor jou huis; hulle sal jou hek skuif. So, jy sal dit, verby gaan, nie kwaad word nie." Ek het my hek opgebreek gesien en wat buite op die heuwel lê. Ek het die heuwel voor my gesien, heeltemal opgegrawe, borde en goed wat daar lê waar iets dit stukkend gebreek het. Hy het gesê....

Ek het gekyk, en daar was 'n klein Ricky wat gekom en daardie hek omgestamp het, wat dit gedoen het. Ek het gesê, "Waarom het jy my nie gesê nie?" Hy het slim geraak met my, en ek moes hom klap. En toe dit gebeur het, het ek gesê, "Ek het dit laas gedoen toe ek in die kryt was, maar ek wil net hê jy moet weet," en ek het hom klap gegee. Toe ek hom platgeslaan het, het ek hom weer opgetel en hom weer platgeslaan. Ek het hom opgetel, drie of vier keer, hom toe oor die heuwel geskop. Toe het ek soontoe gegaan, en ek het gesê "Dit is nie reg nie." Ek het hom opgetel en sy hande geskud, en gesê, "Ek's nie kwaad vir jou nie, maar ek wil net hê jy moet weet jy kan nie so met my praat nie."

Toe ek omgedraai en teruggekom het, het die Heilige Gees daar by die hek gestaan, gesê, "Nou gaan verby dit. Wanneer daardie paal ingekap word, draai weswaarts."

Hierdie Boek, is alles wat ek nodig het,
Hierdie Boek is 'n goeie Resep,
Die manier wat wys hoe om my probleem te laat gaan.
Amen!

Daardie Boek is die Woord, en daardie Woord is God. Gaan verby jou probleme, Dit sal jou sê wat om te doen.

58 Drie jaar gelede het ek 'n vriend van my gehoor, die stad se landmeter, wat aan die onderkant van die laan waar ek woon, wat 'n paal inplant. Ek het uitgegaan en gesê, "Wat's die probleem, Mud?" Mnr. King se seun, persoonlike vriend.

Het gesê, "Billy, hulle gaan hierdie pad wyer maak."

Julle almal onthou. Ek het gesê, "Dit mag die brug wees." Ek het vir Broer Woods, ek het gesê, "Hou jou eiendom. Miskien gaan daardie brug deurkom hiernatoe, iets." Die laan was opgekap; stene, rotse, was oral gegooi oor alles. Toe het hy gesê.... Ek het gesê, "Hou jou eiendom." Dan wanneer ek....

Mnr. King het vir my gesê dit gaan gebeur.

Ek het ingegaan, vir my vrou gesê wat daar sit, "Skat, daar is iets daaroor geskryf. Dis iewers, SO SPREEK DIE HERE."

59 Ek het ingegaan en my boek gekry, daarin gelees, en dit het gesê, "Dit sal gebeur...." Agt jaar later!

Toe ek daarin gelees het, het ek gesê, "Dis nou tyd, skat, ons moet weswaarts draai."

Twee dae daarna, in die kamer gestaan omtrent tienuur een môre, het ek in die die Gees van God gekom. Ek het 'n klein groepie duiwe sien vlieg, na daardie klein voëltjies gekyk. Julle onthou dit. Ek het sewe Engele in die vorm van 'n piramiede gesien, wat vinnig na my toe vlieg. Het gesê, "Draai weswaarts, gaan na Tucson, sal veertig myl noordoos wees. En jy sal 'n klitsgras afhaal," of 'n bulkop, soos hulle dit daar noem, "van jou klere afpluk."

60 Broer Fred Sothmann, wat daar sit en nou na my kyk, was daar daardie oggend. Ek het daarvan vergeet.

Ek het gesê, "'n Ontploffing het afgegaan soos 'n aardbewing, wat omtrent alles geskud het wat daar in die land was. Ek sien nie hoe 'n mens dit kon oorleef nie." Ek was bang. Ek het in Phoenix gestaan, julle almal wat vanaand inluister is my getuie. Ek het gepreek oor die boodskap, *Menere, Watter Tyd Is Dit?* "Waar staan ons?" Ek het Wes gegaan. Baie van julle hier het daardie band, baie van

julle hier het my dit hoor sê, jaar of meer voor dit gebeur het.

61 Ek het Wes gegaan, gewonder wat sou gebeur. Eendag het die Here met my gespreek. Ek het my vrou vertel, ek het gesê, "Skat, ek's ... my werk is waarskynlik verby." Ek het nie geweet nie. Ek het gesê, "Ek.... God, God is waarskynlik nou klaar met my, en ek sal Huis toe gaan. Gaan jy na Billy toe, neem die kinders. God sal 'n weg maak vir julle, op een of ander manier. Gaan voort en lewe getrou aan God. Sorg dat die kinders deur die skool kom, maak hulle groot in die vrese van God."

Sy het gesê, "Bill, jy weet nie of dit waar is nie."

Ek het gesê, "Nee. Maar 'n mens kon dit nie oorleef nie."

Een oggend het die Here my wakker gemaak, gesê, "Gaan daarbo na Sabino Canyon." Ek het 'n stuk papier en my Bybel geneem.

My vrou het gesê, "Waarheen gaan jy?"

Ek het gesê, "Ek weet nie. Ek sal jou sê wanneer ek terugkom."

62 Ek het opgegaan in die canyon, reg opgeklim tot waar die arende rondgevlieg het. Ek het 'n paar takbokke dopgehou wat daar staan. Ek het gekniel om te bid, en my hande opgesteek, en 'n Swaard het my hand getref. Ek het rondgekyk. Ek het gedink, "Wat is dit? Ek is nie buite myself nie. Hier is daardie Swaard in my hand; helder, blink, skitterend in die son." Ek het gesê, "Nou, daar's nie mense binne myle van my af nie, ver hierbo in hierdie canyon. Waar kon dit vandaan kom?"

Ek het 'n Stem gehoor, gesê, "Dis die Koning se Swaard."

Ek het gesê, "'n Koning slaan 'n man tot ridder met 'n swaard."

Hy, die Stem het teruggekom, gesê, "Nie 'n koning se swaard nie, maar: 'Die Koning se Swaard; die Woord van die Here." Gesê, "Moenie vrees nie. Dis slegs die Derde Trek. Dis die bevestiging van jou bediening."

63 Ek het gaan jag saam met 'n vriend, nie geweet wat gaan gebeur nie.

En iemand het my gebel, die een wat my gekritiseer het oor die foto van die Engel van die Here, die een wat dit geneem het. Ek moes na Houston toe gaan oor sy seun, want hy was doodstraf afwagtend en sou doodgemaak word binne 'n paar dae. En hy het my daarbinne ontmoet en sy arms om my geslaan, gesê, "Dink, die einste man wat ek gekritiseer het, kom om my enigste seun te red!" Die menslikheidvereniging het vir my wat hulle noem 'n oskar gegee, of wat jy dit ook al wil noem, om 'n lewe te red.

64 Toe het ons teruggegaan, ek het opgegaan na die berg om te jag. Daar, ek en Broer Fred, toe ek een oggend uitgestap het, en ek het alreeds my javelina gehad, en ek het gekyk en die plek gesien waarheen hulle gegaan het. Ek het gesê, "Broer Fred, gaan oor daardie berg nou vroeg in die môre, omtrent dagbreek, en ek sal oor die ander een gaan. Ek sal nie na die vark skiet nie, hom doodmaak nie. Maar as hulle begin oorkom na hierdie kant, daardie trop, sal ek voor hulle skiet en hulle dan terugjaag."

65 Broer Fred het gegaan en daar was geen wilde varke nie. Hy het vir my gewaai en ek het gesien. Ek het afgegaan in 'n canyon, 'n paar groot klowe, die son het pas opgekom. Ek het die ander kant van die heuwel gekom, nie gedink aan die profesieë nie. Gaan sit, gewag, gerus; ek het gedink, "Wat het met daardie wildevarke gebeur?"

Ek het my opgetel.... Gaan sit soos die Indiane, julle weet, kruisbeen. Ek het na my oorpakpyp gekyk, en daar was 'n bulkop. Ek het dit afgetrek. En ek het gesê, "Dis vreemd! Hier is ek, omtrent veertig myl noordoos van Tucson. Daar's my klein seuntjie Joseph wat daar vir my wag." Toe ek begin kyk, het ek 'n trop wilde varke sien uitkom omtrent 'n duisend jaarts van my af, bo-op 'n berg, ek het die bulkop neergegooi. Ek het gesê, "Ek sal hulle kry. Ek sal vir Broer Fred gaan kry, en ek sal 'n stuk papier ophang om te laat weet watter kant toe om te gaan, op hierdie ocotillo hier, en ons sal Broer Fred kry."

Ek het die berg opgegaan, so vinnig gehardloop as wat ek kon aan die anderkant. Ewe skielik, ek het gedink iemand het my geskiet. Ek het nog nooit so 'n ontploffing gehoor nie; dit het die hele land geskud. Toe dit gebeur, staan daar voor my sewe Engele in 'n bondel.

66 Ek het Broer Fred en hulle, 'n bietjie later ontmoet, Het gesê, "Wat was dit?"

Ek het gesê, "Dit was dit."

"Wat gaan jy doen?

"Terug keer huistoe. Want, SO SPREEK DIE HERE, die sewe verborgenhede wat versteek was in die

Bybel al hierdie jare, hierdie denominasies en alles, God gaan daardie sewe verborgenhede vir ons oopmaak in die Sewe Seëls."

Daar was daardie sirkel wat opgekom uit die aarde, soos 'n mis wat vorm. Toe Dit het, het Dit reg opgegaan na die berg, op weswaarts begin sirkel, van waar Dit gekom het. Wetenskaplikes het Dit naderhand gevind, dertig myl hoog en vyf-en-twintig myl breed, net presies in die sirkel van die piramide.

67 Die ander dag, daar gestaan, die foto na regs gedraai, en daar is Jesus soos Hy was in die Sewe Kerkeeue, die wit pruik aan, wat Opperste Goddelikheid aandui. Hy's Alfa en Oméga; Hy's die Eerste en die Laaste; Hy is die Opperste Regter van alle Ewigheid, wat daar staan, die Boodskap van hierdie uur bevestig. En daar sal Lig wees teen die aandtyd! Waaroor is dit alles? Wat was dit?

68 Ek het weswaarts gegaan. Op daardie selfde berg, saam met Banks Woods opgegaan, gesê, "Gooi 'n klip op. Sê aan Mnr. Woods, 'SO SPREEK DIE HERE, jy sal die Glorie van God sien.'"

Net die volgende dag, daar gestaan, het 'n warrelwind afgekom en die berge uitmekaar geblaas. Rotse het die top van die bome afgesny, omtrent drie of vier voet bokant my kop. Het drie groot ontploffings gemaak, en die broers het oorgehardloop gekom. Daar was omtrent vyftien manne wat daar gestaan het, predikers en alles. "Wat was dit?" Hy het gesê, "Wat was dit?"

Ek het gesê, "Oordeel tref die Weskus."

69 Omtrent twee dae daarna, het die aardbewing Alaska omtrent gesink. Wat is hierdie Lig bo-op Sunset Mountain, in die Coronado Woud van Arizona? Wat is hierdie vreemde ding wat daarbo gebeur het, dat die mense van oos na wes gery het, rotse opgetel het wat daar rondom gelê het waar Dit getref het? En elkeen van hulle, elke rots, het drie hoeke aan dit, waar Dit afgeskeur het. (Die drie is Een.) Hulle lê op lessenaars, op papiergewigte, regoor die nasie. Wat is hierdie vreemde ding op Sunset Mountain in die Coronado Woud?

70 Junior Jackson wat inluister, onthou julle die droom wat hy gehad het wat ek uitgelê het, "gaan na die ondergaan van die son"? En hierdie het gebeur op "Sunset" Berg. Dis die aandtyd, sonsondergangtyd. Die sonsondergang Boodskap deur 'n ondergang van geskiedenis, 'n ondergang van profesie, liewer, wat vervul word. En dit sal Lig wees teen die aandtyd, op Sunset Mountain in die Coronado Woud, veertig myl noord van Tucson. Kyk op die kaart en kyk of Sunset Piek daar is. Dis presies waar dit gebeur het. Ek het dit nooit geweet tot nou die dag.

71 Alles wat.... Dit sal nooit sterf nie. Dit ontvou gedurig Ditself. Vanaf die einste ding wat gebeur het, tot die foto wat Jesus na ons staan en kyk; en nou presies op Sunset Mountain, en die sonsondergang se Lig. Die Aandlig het gekom, God wat Homself bevestig. Wat is dit? Dit is die feite dat God en Christus een is. Die "wit," hoeveel het dit gesien, die wit pruik op Hom, toe ons gepraat het in Openbaring 1? Sien, die Opperste Goddelikheid, Opperste Gesag; geen ander stem nie, geen ander god nie, geen niks anders nie! "In Hom woon die volheid van die Godheid liggaamlik." Die Engele Self was Sy pruik. Amen.

72 Wat het gebeur op Sunset Mountain? God wat Sy Woord bevestig. Dis waaroor al hierdie geraas gaan. Let op, dis God wat weer Sy beloofde Woord vervul, van Openbaring 10:1 tot 7, "En in die dae van die stem van die sewende engel se Boodskap, sal die verborgenhede God volbring wees." Die versteekte verborgenheid van Openbaringe 10:1 tot 7, die laaste Boodskap aan die laaste kerkeeu. Vervul presies, in hierdie eeu, Lukas 17:30, "Die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar sal word."

"En daar sal valse profete en valse Christusse opstaan, groot tekens en wonders toon, in soverre dat dit die einste Uitverkorenes sou mislei, indien moontlik." Die mense is steeds in twyfel. En, soos gewoonlik, is die kerk net so verward.

73 En die wetenskaplikes, regdeur Tucson, skryf hulle stukke en sit dit in die koerant. Ver daar oorkant op Mount Lemmon het daardie groot kameras Dit nie gesien opstyg van waar ons gestaan het nie, wat aangedryf het na die Weste, gewys het dat die tyd verby is. Dit kan nie maar net 'n klein deeltjie daar gaan nie, dis by die Weskus. Oordeel het getref net op dieselfde manier waar dit gegaan het. Reguit op oor Phoenix en reguit aan oor, na Prescott en oor die berge na die Weskus, reguit op na.... Waar het hulle gegaan? Reguit aan op in Alaska, en sy is donderende, reguit oppad soontoe.

74 En die sterrewagte en almal van hulle in Tucson vra steeds, wetenskaplike navorsing wat probeer uitvind wat dit is. So hoog, hulle kan nie mis wees, newel, of niks daarbo nie. "Wat het dit gedoen? Waar is dit?" Hulle is net so verward oor daardie bonatuurlike Stralekrans wat oorkant in die lug hang, soos hulle was toe die Magiërs ingekom het deur 'n Ster te volg, gesê, "Waar is Hy wat gebore is Koning van die Jode?" Wat was dit? God wat Sy Woord vervul, "En daar sal 'n ster opstaan uit Jakob."

75 En die God van die Hemel het belowe die aandtyd sou aandligte hê. Drie jaar gelede was hierdie verborgenheid 'n Profesie, "Watter tyd is dit, Meneer?" Maar nou is dit geskiedenis. Dis verby. Die belofte

is vervul. Watter tyd is dit, meneer, en wat is hierdie aantrekkingskrag? God wat Sy Woord vervul! Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in alle ewigheid.

Laat ons bid.

76 Dierbare God, ek het die mense lank gehou, baie langer as wat ek bedoel het. Ek bid, God, dat iets gesê of gedoen was wat mense oral buite sal laat verstaan. En deur te sien en verstaan, hulle mag glo dat U die ware Christus is, en die Woorde wat bevestig is, is die bevestiging van Sy Woord wat perfek is en vervul is in Sy seisoen.

Nou, Here Jesus, van U Eie Woorde, U het gesê dat die wêreld in 'n Sodomtoestand sou wees. Ons weet dit, ons kyk daarna. En U het gesê, in daardie dag, "Soos dit was in Sodom." Daar was drie boodskappers gestuur na die Heiden en Hebreeuse wêreld. Een van hulle, wat God Self was, die Seun van die mens, het Homself geopenbaar in 'n menslike vorm en 'n wonderwerk gedoen, in soverre om Abraham te vertel wat Sara gedoen het in die tent agter Hom.

U het gesê dit sou weer herhaal wanneer die hele Heidenwêreld in 'n Sodomtoestand sou wees. En ons is hier, Here. Ander profesieë wat dieselfde ding bevestig, van die stuur van Elía in die laaste dae, die Gees van Elía op die aarde, om die harte van die vaders, of, "die kinders terug na die vaders." En ek bid, God, dat hierdie uur, dat U U Woord sal bevestig, dat U dieselfde is gister, vandag, en tot in alle ewigheid. Skenk dit, Vader. Hulle is almal U s 'n. Ek bid dat U hierdie seëninge sal skenk en bevestig wat gesê is, vir die Heerlikheid van God. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

77 Om 'n woord te spreek, is 'n man; 'n woord te bevestig, is God. Om iets te sê, is een ding; God om dit te doen, is 'n ander ding. God het nie enige interpreteerder nodig nie; Hy doen Sy Eie interpretasie.

Nou ons is gereed om 'n gebedslyn te hê, om te bid vir die siekes, as God wil. En ons weet dat daar geeneen, geen man, geen vrou, geen menslike wese, geen engel, wat jou kan genees nie, want God het dit alreeds gedoen. Hy het die voorbereiding getref, die enigste ding wat jy moet doen is om dit te ontvang.

78 Daar's geen man, geen engel, geen niks nie, nie eens God Self, wat jou kan vergewe van jou sondes nie. Dis alreeds gedoen. Jesus het dit gedoen aan die Kruis. Maar dit sal jou niks baat, of enigiets, of jou enigsins help, totdat jy dit aanvaar het nie. Sien?

Die enigste ding wat gedoen kan word, is bevele wat deur God gegee is, vir gelowiges om hande te lê op die siekes. Dit was deur die eeue dat hulle dit gedoen het, deur herlewings. En hulle het dit "God" genoem.

79 Abraham het baie tekens gesien. Maar daar het 'n tyd aangebreek toe Abraham sy laaste teken gesien het, net voor Sodom gebrand het, en dit was God wat Homself manifesteer in die vorm van 'n man. Glo julle dit? Het Jesus gesê dit sou herhaal?

80 Nou, hoeveel hierbinne.... En buite oor die radio, of buite op die telefone oor die nasie, as julle steeds inluister, maak nou gereed vir gebed, bid, en julle wat hierdie sakdoeke hier het. Nou, ek kan nie vir God sê wat om te doen nie. Nee, ver is dit van my om dit selfs te probeer. Hy is soewerein; Hy doen wat Hy wil. Ek kan slegs gehoorsaam en kan slegs sê wat Hy sê.

81 En nou staan hulle rondom die mure, hulle is ingeprop, is saamgedring. Ek wonder of ons God kon vra op hierdie woorde, "Wat is hierdie aantrekkingskrag?" As God weer onder ons sou beweeg (daar mag vreemdelinge hier wees), en onder ons beweeg en Sy geseënde aangesig onder ons wys, wys dat Sy Gees hier is, wys dat Hy dieselfde gister, vandag, en tot in alle ewigheid is, dat elkeen van ons (na hierdie twee sterk Boodskappe) kon glo dat dit so is? Kan julle dit doen? Goed.

82 In plaas van 'n gebedslyn dan te roep, warm, saamgedring, wat teen die muur staan. Ek kyk rond na hierdie kant, om my gebedslyn te roep, jy kan dit nie doen nie; kyk, wat daar staan. Kan Ek dit na hierdie kant toe roep? Julle siekes, siekbeddens, alles anders, wat lê, jy kan dit nie doen nie. So sit waar julle is, en glo God. As julle wel 'n gebedskaart het, hou dit, dit sal goed wees. Ons sal by julle uitkom as julle deur 'n ry wil kom. Maar jy hoef nie deur 'n ry te kom nie.

83 Daardie Mnr. Shepherd, verlede Sondagaand, het nooit deur 'n ry gekom nie. Ek dink nie hy het 'n gebedskaart gehad nie. Is Mnr. Shepherd vanaand hier? Waar is hy? Is hy hier? Hy's daar agter. Het jy 'n gebedskaart gehad, Mnr. Shepherd? Jy het nie? Hy het nie. Hy sit weer net daar, vanaand. Dis 'n goeie plek om te wees, Broer Shepherd.

84 Nie alleen moet jy daar wees nie, maar hê net geloof. Want, onthou, 'n klein vroutjie het Sy kleed aangeraak, en Hy het dit gevoel. Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. En die Hebreeuse brief, in die Nuwe Testament, het gesê dat Hy die Hoëpriester is vanaand, wat "aangeraak kan word deur die gevoel van jou swakhede." Glo julle dit? Hê dan geloof! Moenie Dit betwyfel nie. Glo Dit, en dit sal

gebeur. Jy kan kry waarvoor jy gevra het, as jy Dit kan glo. Maar jy moet Dit glo. Sal jy dit doen? Sal julle almal Dit glo? Hoeveel sal Dit nou glo? God seën jou.

Ek weet nie wie is wie nie. Ek ken niemand van julle nie. Dis nie my besigheid om enige een van julle te ken nie. Dis God se besigheid om hierdie dinge te weet. Maar Hy sal dit doen as jy Dit sal glo. Sal julle Dit nou glo?

85 Nou, Dierbare God, sekerlik is ons nie 'n klomp verbasterde Christene nie, ons behoort nie te wees nie, iemand wat gesus en gepamperlang moet word nie. U het nie daardie soort nie, Here. U het geharde gelowiges. Die einste Teenwoordigheid van God maak 'n man se hart brandende. Soos Abraham, hy het God geglo. U het Uself aan hom bekend gemaak, toe het U aan hom verskyn en 'n teken gedoen, en hy het U geglo. U het sy liggaam terugverander na 'n jong man, en sy vrou ook, want, sy vrou was deel van sy eie liggaam. Toe het die nuwe kind voortgekom, die beloofde seun.

86 God, U het belowe dat dit dieselfde ding sou wees in hierdie dag. Ek bid dat U hierdie Woord sal bevestig. En ons sal reg handel op daardie een belofte, dat dit sal wees soos dit was in Sodom, net voor Sodom verbrand en oordeel Sodom getref het, die Heidense wêreld. So is die oordeel gereed om die Heidense wêreld te tref, en die Jode het drie-en 'n half jaar nog deur die Verdrukkingsperiode, Jakob se benoudheid, die voortsetting van die sewentig weke van Daniël. Maar, die Heidene s'n is getel, dis tyd om te gaan. En U het daardie teken gegee, en U het gesê dit sou weer gebeur. Skenk dit, God. Hulle is, ons is in U hande, doen met ons soos U goeddink. In Jesus Christus se Naam. Amen.

87 Nou moenie senuweeagtig wees nie. Wat sou gebeur as ek senuweeagtig was? Nou, ek maak 'n ding hier wat moet staatmaak op die soewereiniteit van God. Maar hoekom doen ek dit? Hy het gesê dit sou gebeur. Dit handel dit af. En as Hy Homself dit maak, bevestig dit voor julle, wel, kan julle Hom nie glo nie? Sekerlik. Julle moet nou net geloof hê en glo.

Laat ek net rond kyk, sien waar die Heilige Gees sal lei, wat Hy sal doen. Ek weet nie wat Hy sal doen nie, dit hang van Hom af. Maar as julle net geloof sal hê, glo net, "Alle dinge is moontlik vir hulle wat glo." Glo julle almal dit, steek julle hande op en sê "Ek glo Dit." [Gemeente sê, "Ek glo Dit."] Met my hele hart, ek glo Dit.

88 Nou drie sal 'n bevestiging wees, as Hy dit drie keer agtermekaar doen, om vir julle te bewys dat Dit reg is. Ek gee nie om waar julle is, wie jy is nie, jy moet geloof hê en glo. Nou, moenie rondbeweeg nie. Op hierdie manier.

Dame, wat bid, ek ken jou nie. Sit net waar jy is; jy hoef nie te kom nie. Ek ken jou nie, maar jy hou 'n klein dogtertjie in jou hand, of op jou skoot. Ek's 'n totale vreemdeling vir jou. En die klein dogtertjie lyk normaal, sy lyk gesond. Sy's 'n mooi klein dogtertjie, klein rooikop dogtertjie. Ek kyk hier na haar, sy lyk nie of sy kreupel is of enigiets nie. Ek weet nie wat is verkeerd met haar nie. Dit mag nie vir die kind wees nie; dit mag vir jou wees. Maar ek het jou toevallig net daar sien sit met daardie kind, en bid. Ek moet 'n oomblik met jou praat, om jou gees te vang, soos Jesus vir die vrou gesê het "Bring vir My water om te drink," sien, net om uit tevind—een persoon ontsyfer. Broer Bryant en hulle wat hier sit, ek ken hierdie mense wat hier sit. Hulle mag ook behoeftig wees, maar jy was 'n vreemdeling.

Glo jy ek is God se profeet? Glo jy dat hierdie dinge wat jy vanaand gehoor het, die Waarheid is? Nou, as God aan my sal openbaar iets wat jy gedoen het, of iets wat jy nie behoort te gedoen het nie, of iets met jou verkeerd is, of wat jou begeerte is, sal jy weet of dit waar is of nie. Sal jy nie? En as Hy dit sal doen, sal dit Sy Woord bevestig dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, en dat Lukas 17:30 gemanifesteer is? Glo jy Dit?

89 Nou, die dame het haar hand opgesteek dat ons vreemdelinge is. Ek ken jou nie, maar ek probeer haar gees kontak, een persoon. Daar's soveel van julle wat trek. Nou, glo jy Hierdie met jou hele hart.

Nou, dit is vir die klein dogtertjie. Dis nie jy nie. Jy's senuweeagtig, maar dit is nie die senuweeagtigheid wat jou pla nie. Die groot ding op jou hart, is daardie klein dogtertjie. En glo jy God kan my sê wat dit is? Glo jy dit? Sou dit jou help, sal jy dan glo? Dis 'n breinbesering. Dit reg? Nou sit jou hand op die klein kindjie se kop; jou hand.

90 Dierbare God, U het gesê, "Hierdie tekens sal hulle volg wat glo. Hulle sal hulle hande op die siekes lê, en hulle sal gesond word." Die vrou is 'n gelowige. Haar hand is op die kind. Mag dit gesond word. In die Naam van Jesus Christus, offer Ek hierdie gebed. Amen.

Glo julle dit nou, almal van julle? As jy kan glo, is alle dinge moontlik. Sekerlik!

Ek ken die dame wat langs haar sit, maar sy kyk so opreg hierdie kant toe. Ek kan nie haar naam noem nie, maar Ek.... As ek 'n oomblik na haar kyk, sal ek weet. Maar ek ken die vrou se gesig, maar ek weet nie wat jou probleem is nie. Glo jy ek.... God sal my wys wat jou probleem is? Sal jy.... Sou dit jou help? Suikersiekte. Nou, as dit reg is, steek op jou hand. Sekerlik!

Die dame wat toevallig gelê...langs jou sit, het dieselfde ding. Sy's 'n vreemdeling. Die ander dame bid vir iemand, 'n kreupel kind. Glo jy met jou hele hart, God sal dit skenk.

91 Iemand hier agter. Man wat daar sit, wat probeer ontslae raak om sigarette te rook. Glo jy God sal hulle wegneem van jou? Goed. Glo jy? Jy kan dit kry. Ek het nog nooit die man in my lewe gesien nie.

Hier is 'n man. Sien daardie donker skaduwee hang oor hierdie man hier wat op 'n soort van 'n siekbed lê, of 'n stoel? Hy's sterwend. Hy is oorskadu. Hy het kanker. Ek ken nie die man nie, hom nog nooit gesien nie. God weet alles van jou. Dis die waarheid, meneer. Glo jy God kan my iets oor jou vertel? Sou dit jou help om jou genesing te ontvang? [Die broer sê, "Ja, ek glo."] Jy is hiernatoe gebring deur 'n vriend. Maar jy's nie van hier nie, jy's iewers waar daar baie water is waar mense visvang. ["Ja."] Ja, Albany, Kentucky. ["Dis reg."] Dis reg. Glo, en jy kan gesond huis toe gaan. Glo dat dit weg is. As jy Dit sal glo! Jy moet Dit glo, en glo dis vir jou gedoen. Glo jy?

92 Jy is van Tennessee, het 'n seun wat asma het. Nie hier nie, maar glo jy dat hy genees sal word? Neem dan jou sakdoek, jou ... in jou hand daar, na hom toe. Hy sal genees word as jy Dit sal glo.

Die dame wat huil, wat daar oorkant Doktor Vayle sit. Sy is ook geskadu, 'n donker skaduwee. Ek het nog nooit die vrou in my lewe gesien nie, maar sy het kanker. Sy sal sterf as iets nie vir haar gedoen word nie. Glo jy Hy sal jou genees, dame? Jy kan? Jy kan jou genesing kry, as jy net sal glo.

Daar's 'n klein dametjie wat net agter haar sit, met 'n sakdoek oor haar mond. Sy het ook 'n maagsweer, siek. Jy het floutes gehad, verblind, omval. Iemand het jou hiernatoe gebring. Jy het vroueprobleme. As jy sal glo, kan jy huis toe gaan, gesond wees.

93 Jy, jongman, jy's 'n vreemdeling, wat reg hier voor my sit, na my kyk. Wat is jy, Puerto Rican, of iets? Ja, wat ek bedoel het, …?…! Ek's 'n vreemdeling vir jou. Jy weet dit, jy's nie eens van my land nie. Maar glo jy God kan jou die begeerte van jou hart gee? As ek jou sê wat jou begeerte is, sal jy dit ontvang? Jy soek die doping van die Heilige Gees. Dit is waar. Ontvang die Heilige Gees, my broer.

Hier is 'n kleurling wat ver agter sit, het 'n las op sy hart. Dis vir sy vrou. Sy is nie eens hier nie. Sy het probleme met haar voete. Glo jy dat Hy haar sal gesond maak? Jy sal? Jy's 'n vreemdeling hier. Jy's van oor die see. Jy's van Jamaika. Glo jy God kan my sê wie jy is? Mnr. Brady. Glo jy? Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

94 Hierdie dame wat reg agter oorkant aan hierdie punt, langs Mev. Wright sit, sy het 'n las op haar hart. Sy bid vir 'n dogter. Sy gaan vir 'n operasie. Glo jy met jou hele hart, vir haar? Sy sal dit nie nodig hê as jy haar kan kry om Dit te glo. Ek kan nie genees nie.

Daar ver terug in die kinderkamer, sien ek die Gees van die Here, 'n Engel, 'n Lig wat in die kinderkamer beweeg. Dis oor 'n jong vrou, en sy het 'n geestelike probleem waaroor sy wonder. Lyk asof ek die vrou behoort te ken, op een of ander manier, 'n jong vrou. Sy het ook 'n vroueprobleem. Ja. Haar naam is Mev. West, van Alabama, Mev. David West. Glo, God sal dit aan jou skenk.

95 "Dit sal Lig wees, en in daardie dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word." As dit nie Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid is nie, dan weet ek niks Daarvan nie. Glo julle Dit? Alle dinge is moontlik vir hulle wat glo.

Buite oor die mikrofone regoor die land nou, en in hierdie tabernakel, hoeveel van julle sal julle hande opsteek en sê, "Ek is 'n gelowige"? Nou, julle daarbuite in die lande, almal hier het hulle hande op. En daar ver, iewers dwarsoor die nasie, het julle, julle hande omhoog, sonder twyfel. Nou sluit jou oë, sit net jou hande op iemand naby jou. Neem hul hand. Lê dit op hulle skouer. Ek het my hande op die sakdoeke. Kyk wat vandag gedoen is! Kyk wat nou gedoen is.

> Aanskou Sy gewyde aangesig,
> Skynende met Goddelike liefde;
> Geseënde deelgenote van Sy genade,
> As juwele in Sy kroon te skyn.

Bid nou. Laat ons oral, bid.

96 Dierbare God, die uur het aangebreek. Wat beteken dit? God wat Sy Woord vervul! Wat is die aantrekkingskrag, Here? Dis God wat Sy Woord vervul. Wat is dit daar oor die nasie, deur die medium van 'n telefoon, dat honderde mense hulle hande op mekaar gelê het, oor die nasie, van een kus na die ander, vanaf die Noorde na die Suide, Ooste na die Weste? Hier sit mense hier van vreemde lande, baie van die state, Mexico, Kanada, en ons lê ons hande op mekaar. God wat Sy Woord vervul!

Hoe is dit dat 'n persoon hier kan staan deur die Heilige Gees en 'n man kan roep soos Hy Simon Petrus geroep het, "Jou naam is Simon, jy is die seun van Jonas"?

"Gaan haal jou man en kom hier."

“Ek het geen man nie.”

“Reg. Jy het vyf.”

Sy het gesê, “Ek weet dat Messias kom om dit te doen, maar Wie is U?”

Hy het gesê, “Ek is Hy.”

97 En U is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. En U het belowe, “Die werke wat Ek doen sal julle ook doen. Meer as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na die Vader.” “Kyk in die laaste dae, Ek sal julle Elía, die profeet stuur, en hy sal die gedagtes van die mense verander, die harte van die kinders terugdraai na die apostoliese Lering van die Bybel.” “En dit sal Lig wees teen die aandtyd.”

Hier is ons, grote God van die Hemel! Die uur is hier! Die hande is op die mense.

Satan, jy's verslaan. Jy is 'n leuenaar. En, as 'n dienskneg van God, en as diensknegte, beveel ons dat in die Naam van Jesus Christus, dat jy die Woord van God gehoorsaam, en gaan uit die mense, want daar staan geskrywe: “In My Naam sal hulle duiwels uitdryf.”

En al die mense mag vrygestel word. Skenk dit, Dierbare God. Jy is die God van die Hemel wat verslaan het, daardie dag met 'n aantrekkingskrag op die Berg Gólgota, alle krankhede en siektes en al die werke van die duiwel. U is God. En die mense is genees deur U wonde. Hulle is vry. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

98 God, elke sakdoek wat hier lê, terwyl die Gees van God teenwoordig is, terwyl die salwing van Jesus Christus op die mense is, en die groot tekens wat Hy belowe het, vervul word, en die aarde bewe, die aardbewings gebeur, die groot tekens wat Hy vertel het, en die Skrif vervul word, en die Aandlig wat skyn. Ek lê my liggaam oor hierdie sakdoeke, verteenwoordig die hele liggaam van gelowiges van Oos, Wes, Noord en Suid, en sê vir die duiwel, “In die Naam van Jesus Christus, verlaat elke pasiënt waarop dit gelê word,” tot die eer en heerlikheid van die Woord van God. In die Naam van die Woord van God, Jesus Christus van Násaret. Amen.

99 Nou, saggies, verstandig, sober, en by julle regte positiewe, as gelowiges, glo julle nou en aanvaar jou genesing van God Almagtig, in die Naam van Jesus Christus? As julle glo, steek julle hande op. Almal oor die lande, steek julle hande op. Elke persoon hierbinne, sover ek kan sien, het hulle hande opgehad; binne, buite, teen die vensters, in die deure, in die kinderkamers, en oral rondom, mense met hulle hande op. Hulle aanvaar Dit. Satan is verslaan! Die wonde van Jesus Christus genees jou, en die Teenwoordigheid van Jesus Christus bevestig die feit dat Hy vandag lewe, altyd in staat om elke belofte te hou wat Hy gemaak het. Amen! Ek glo Hom. En julle? [Gemeente sê: “Amen.”]

100 Nou laat ons op ons voete staan. In die Naam van die Here Jesus, deur alles te aanvaar wat gedoen of gesê is, ons het Hom lief met ons hele hart. Ons koester Hom met alles wat in ons is. Nou wanneer julle na julle verskillende tuistes gaan van vanaand af, gaan God met julle. God gee julle die Heilige Gees as julle nie die Heilige Gees het nie.

101 Elke man, vrou, seun, of meisie, hier, wat nie gedoop is in die Naam van Jesus Christus, daar is klere, 'n doopbad. Moenie afstel vir môre wat vandag gedoen kan word nie. Môre mag te laat wees. “Genoegsaam vir vandag, vir die dag, is die kwaad daarvan.” Daar is predikers wat staan, wag, klere wat wag. Geen verskonings nie. Wag julle? As jy, dan glo jy. Maak nie saak hoe julle gedoop is nie, besprinkel, gegiet, wat dit ook al is, dis 'n fout. Die Lig het gekom. Kom, glo, en word gedoop.

Elkeen sonder die Heilige Gees, mag jy die Heilige Gees ontvang, elkeen van julle, in die volle Goddelike krag en liefde wat Hy julle belowe het, om jou 'n nuwe skepsel in Hom te maak. God seën jou.

102 Nou, tot volgende Sondagoggend om nege-dertig, laat ons hierdie liedjie sing wat ons altyd jare gelede gesing het.

Moenie die gesinsgebed vergeet nie,
Jesus wil jou daar ontmoet;
Hy sal elke las van jou neem,
Moenie die gesinsgebed vergeet nie.

Laat ons dit nou saam sing.

Moenie die gesinsgebed vergeet nie,
Jesus wil jou daar ontmoet;
Hy sal elke las van jou neem,
O, moenie die gesinsgebed vergeet nie.

Nou wanneer ons dit weer sing, skud hande met 'n pelgrim langs jou, sien, wanneer ons dit sing.

Moenie die gesinsgebed vergeet nie,
O, Jesus wil jou daar ontmoet;

Hy sal elke las van jou neem, O, moenie die gesinsgebed vergeet nie.

103 Het julle Hom nie lief nie? Ek het Hom lief. Ek het Hom lief omdat Hy my eerste liefgehad het en my verlossing gekoop het (dit was die aantrekkingskrag) op Gólgota. Dieselfde aantrekkingskrag op Sunset Mountain, Berg Nebo, Berg Sinai, al die verskillende bergtop-ondervindings. Goed dan, laat ons dit nou sing.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En ge- ... verlossing
Op Gólgota se boom.

Almal wat Hom liefhet, sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."] Laat dit so wees! Nou dink net wat Hy vir jou gedoen het; dink, dat jy vanaand in 'n kroeg kon gewees het. Jy sou waarskynlik in die graf gewees het soos ek behoort te gewees het, buiten die barmhartigheid van God. Wat het Hy vir jou gedoen? O, hoe kan ons Hom nie liefhê nie? Maak nie enige verskil wat enigiemand sê nie, Hy is eerste.

104 Laat ons ons oë sluit, en ons hoofde buig, wanneer ons dit nou tot Hom sing. Hy hou van liedere, gesange sing. Laat ons dit nou tot Hom sing.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

Met ons hoofde en harte gebuig in Sy Teenwoordigheid, dankbaar vir wat ons oë gesien het, wat ons ore gehoor het, wat opgeteken is in God se Woord, wat Sy belofte vir ons was vandag. God seën jou.

105 Ons het 'n gas by ons vanaand, 'n broer, Ned Iverson, vroeër 'n Presbiteriaanse prediker. Sy pa, sy broers, is Presbiteriaanse predikers. Hy, ek verstaan, was vandag gedoop, weer, in die Naam van Jesus Christus. Hy's 'n prediker, en 'n goeie een met dit. En nou gaan ek hom vra, soos ek glo hy is God se dienaars, om God se seëninge te vra oor hierdie gemeente, wanneer julle na julle huise toe gaan.

Broer Iverson, kom vorentoe, terwyl ons ons hoofde buig in gebed. God seën jou, my broer.

MESSAGE hub online
www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur
William Marrion Branham
"... in die dae van die stem ..." Openb. 10:7